

27 Augustus Handeling 24:24-27, (Teks: 24:25)

Wanneer die Evangelie jou konfronteer

Om hierdie gedeelte nog duideliker te verstaan, moet jy eintlik die hele hoofstuk 24 lees. Lukas vertel hier van iets wat met die goewerneur Feliks, gebeur het. Sy taak as goewerneur was onder andere om uitspraak te gee in hofsake. En toe Paulus se saak voorkom en Paulus die geleentheid kry om hom te verweer, fassineer hy vir Feliks só met wat hy te sê het, dat Feliks hom 'n paar dae later na sy huis toe laat roep om meer van hom te hoor en oor die Evangelie wat hy verkondig.

Hier in Feliks se huis, het Paulus nie regtig gesê wat Feliks graag sou wou hoor nie. Inteendeel, hy praat reguit met Feliks oor sy slordige lewe. Dis asof Paulus hier huisbesoek doen by Feliks. Die Here kom aan die woord. Deur Paulus, sy dienskneg, kom die Here na Feliks en roep hom op tot bekering. Feliks was 'n moordenaar, omkoper en verdraaier van die reg. En tog is daar vir hom genade en vergifnis as hy hom maar net wil bekeer. Die genadige en liefdevolle hand van die Evangelie word na Feliks uitgestrek maar wat doen Feliks daarmee? Hy klap dit weg. Dit pas hom nie nou nie. Kyk wat sê hy aan die einde van vers 25 vir Paulus.

Hoe reageer jy wanneer die Here jou aanspreek, hetsy deur die prediking, 'n vriend/in of 'n stukkie wat jy in die Bybel lees.

Ek wonder of Feliks ooit weer 'n kans gehad het...?

Sing: Psalm 119:1

Ds. W. Viljoen (Bethulie)